**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com


basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/**
**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

# MEI/JUNIE 2024

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinkonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 20 minute |
| AFDELING C: | 50 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**HOE LAAT BEGIN MY SEPIE?**

1 *Binnelanders, Suidooster, 7de laan, Isidingo* ... Dit is almal bekende sepies op Suid-Afrikaanse televisie. Mense wil dit nie mis nie. Maar weet jy waar die woord "sepies" vandaan kom?

2 Die Engelse term "soapies" het in die 1930's in Amerika ontstaan. Dit was omdat seepmaatskappye hulle seep geadverteer het wanneer hierdie dramas opgevoer is. In Suid-Afrika het dit toe sommer sepies geword.

3 Sepies is gewild onder oud en jonk. Die storielyn van 'n sepie ontwikkel met verloop van tyd. Nuwe karakters kom en gaan soos die jare aangaan. Dit het 'n oop einde en elke episode eindig met die belofte dat probleme of geheime in die volgende episode opgelos gaan word. Dit is wat kykers nuuskierig en geïnteresseerd hou: hulle wil weet wat verder in die storie gaan gebeur.

4 In Amerika het vroeëre sepies soos *Dallas* en *Dynasty* op die lewens van ryk en magtige families gefokus. Engelse sepies het op die lewe van gewone mense gefokus. Duisende kykers het die sepies gevolg omdat hulle met die karakters en hulle omstandighede kon identifiseer. In Suid-Afrikaanse sepies kry ons iets van alles. Sedert Suid-Afrika se eerste daaglikse sepie, *Egoli: Plek van goud*, begin het, het daar in dertig jaar baie veranderinge plaasgevind.

5 *7de laan* was seker een van die bekendste sepies in Suid-Afrika. Dit het sy debuut op Dinsdag, 4 April 2000, gemaak en het in 2023 geëindig. Dit beteken *7de laan* was verlede jaar vir drie-en-twintig jaar deel van mense se lewens. Nobuhle Mimi Mahlasela, wat Aggie Ngwenya-Meintjies speel, sê sy glo dat *7de laan* altyd relevant was. Dit het kykers vermaak, maar het mense geleer om mekaar se verskille en andersheid te aanvaar.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

6 Alhoewel *7de laan* se dialoog hoofsaaklik in Afrikaans was, het die karakters soms ook Engels en Zoeloe gepraat. Baie mense wat met Afrikaans sukkel, het sepies soos hierdie gebruik om hulle taalvermoë te verbeter. Hulle het na die Afrikaanse dialoog geluister en dan die Engelse subtitels gelees. Op hierdie manier leer hulle nuwe woordeskat aan en hoor ook die korrekte uitspraak van die woorde.

7 Nog 'n sepie wat kykers van alle ouderdomme geniet, is *Arendsvlei*. Dis die storie van 'n semi-privaat hoërskool op die Kaapse Vlakte. Een kenmerk van 'n sepie wat hier duidelik na vore kom, is die sosiale kwessies uit die alledaagse lewe wat aangespreek word. Tieners kan veral met die jonger karakters identifiseer, want die karakters ervaar dieselfde uitdagings as hulle en het dieselfde drome.

8 'n Sepie wat vir die eerste keer in Oktober 2020 op Suid-Afrikaanse televisie vertoon is, is *Durban Gen*. Hierdie mediese drama gaan oor die daaglikse lief en leed van dokters en verpleegsters by die Durban Algemene Hospitaal. Volgens die e.tv hoof van produksies kon *Durban Gen* nie op 'n beter tyd gekom het nie. Na die sukses van *Imbewu* was kykers honger vir sulke stories. *Durban Gen* dien as inspirasie vir baie jongmense om 'n mediese beroep te volg. In 2023 was die derde reeks op die kassie te sien.




9 Die meeste sepies word vir 'n tydperk van 12–14 jaar uitgesaai. 'n Ander tipe "sepie" wat deesdae baie gewild is, is die telenovelle. Telenovelles duur 12–18 maande. Wat in 'n week in sepies gebeur, gebeur in een episode in die telenovelle. Terwyl sepies in ateljees opgeneem word, verskuif telenovelles na verskillende ruimtes.

10 *Diepe Waters* is 'n telenovelle wat op die kykNET-kanaal uitgesaai word. In hierdie familiedrama ontstaan daar reg aan die begin vrae wat ná baie episodes steeds nie beantwoord kan word nie. Juis dit hou kykers vasgenael voor die televisie. Omdat daar in hierdie sepie baie van terugflitse gebruik gemaak word, kan 'n kyker eintlik nie eens één episode misloop nie.




11 Wêreldwyd beplan kykers hulle lewens en aktiwiteite rondom die uitsaaityd van hulle gunsteling-sepies. Mense identifiseer nie net met die karakters nie, maar vergeet vir 'n kort rukkie van hulle eie probleme terwyl hulle na sepies kyk. Daar is ook dikwels lewenslesse te leer. Die gevaar hiervan is dat mense sepies té slaafs navolg en soms 'n verkeerde beeld van die werklikheid kry.

12 Geniet jou sepies, maar as kyker moet jy altyd onthou dat dit steeds net stories is wat deur akteurs gespeel word.

[Verwerk uit Wikipedia, News24.com, Maroela media, e.a.]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Lees paragraaf 1 en 2.

1.1.1 Noem TWEE Suid-Afrikaanse sepies wat in paragraaf 1 genoem word. (2)

1.1.2 VOLTOOI die sin hieronder. Skryf slegs EEN woord neer.

Hierdie genre het sy naam gekry omdat ... hulle produkte tydens die uitsendings geadverteer het. (1)

1.2 Gee TWEE kenmerke van sepies. (2)

1.3 Kies die KORREKTE ANTWOORD om die sin mee te voltooi. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3) neer.

"Dit het sy **debuut** op Dinsdag, 4 April 2000, gemaak en het in 2023 geëindig." (Paragraaf 5)

Die woord "debuut" beteken dat ...

A die sepie op daardie datum in koerante geadverteer is.
B dit die skrywer se eerste sepie op televisie was.
C daar net jong akteurs in *7de laan* sou speel.
D dit die eerste episode van *7de laan* was. (1)

1.4 Waarom is dit wat Aggie in paragraaf 5 oor *7de laan* sê 'n MENING en nie 'n feit nie? (1)

1.5 Lees paragraaf 6.

1.5.1 Hoe het *7de laan* mense gehelp om hulle Afrikaans te verbeter? Noem TWEE dinge. (2)

1.5.2 Watter ander TWEE tale is soms ook in *7de laan* gepraat? (2)

1.6 Waar speel *Arendsvlei* af? (1)

1.7 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"Na die sukses van *Imbewu* was kykers honger vir sulke stories." (Paragraaf 8)

Hieruit kan ons aflei dat *Imbewu* 'n (populêre/onpopulêre) sepie was. (1)

1.8 Lees paragraaf 9. Gee EEN verskil tussen 'n sepie en 'n telenovelle. Verwys in jou antwoord na 'n sepie en 'n telenovelle. (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.9 Op watter TV-kanaal sal jy na *Diepe Waters* kan kyk? (1)

1.10 Ons lees in die teks dat sepies oor die lief en leed van gewone mense gaan.

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die sepie in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.10.1 tot 1.10.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.10.1 *Arendsvlei* | A In hierdie sepie spring die storie tussen hede en verlede om die intrige in karakters se lewens uit te beeld. |
| 1.10.2 *Dallas* | B In hierdie sepie leer kykers meer omtrent die drama wat mense in hulle beroep kan ervaar. |
| 1.10.3 *Diepe Waters* | C Hierdie sepie wys watter invloed geld en beheer in mense se lewens speel. |
| 1.10.4 *Durban Gen* | D In hierdie sepie maak kykers kennis met ruimtewesens. |
| | E Skoolgaande kinders voel dat die inhoud van hierdie sepie by hulle eie lewens aansluit. |

(4 x 1) (4)

1.11 Hoe sluit die titel en paragraaf 11 by mekaar aan? Verwys in jou antwoord na die titel en paragraaf 11. (2)

1.12 "Die gevaar hiervan is dat mense sepies **té slaafs navolg** ..." (Paragraaf 11)

Watter negatiewe gevolge kan dit vir jou as kyker hê as jy sepies té slaafs navolg? (1)

1.13 Wat leer jy uit 'n artikel soos hierdie? (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**TEKS B: SPOTPRENT**

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Verwerk uit *Die Burger*, 22 Desember 2022]

1.14 Kyk na die agtergrond van die spotprent.

Gee TWEE visuele redes waarom ons kan sê dat hierdie mense in 'n kantoor werk. (2)

1.15 Kyk na al die karakters in hierdie spotprent.

1.15.1 Hoe verskil Gertjie se lyftaal en gesigsuitdrukking van die ander karakters se lyftaal en gesigsuitdrukkings? Verwys in jou antwoord na Gertjie en die ander karakters. (2)

1.15.2 Waarom, dink jy, voel Gertjie nie soos die ander karakters nie? (1)

1.16 Hoe word ouers met skoolgaande kinders in hierdie spotprent gestereotipeer? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

## VRAAG 2

Daar is baie bewyse dat **lees goed is vir jou**.

**INSTRUKSIES**

1. Som SEWE VOORDELE VAN LEES in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die feite puntsgewys neer.
3. Nommer die feite van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**DIE VOORDELE VAN LEES**

Dit is baie belangrik dat kinders goed moet kan lees. Lees is 'n lewenslange vaardigheid wat baie voordele vir jou inhou.

Woorde is die boustene van 'n taal. Ons gebruik woorde om te sê wat ons wil sê. Lees help 'n mens om jou woordeskat uit te brei. Die ander sy hiervan is ook waar. Ons kommunikeer elke dag met mekaar. Mense wat baie lees, kan hulleself nie net beter uitdruk nie, maar verstaan ook beter wat ander sê.

Lees gee meer vir jou terug as wat jy insit. Wanneer jy lees, moet jy fokus en dit verbeter jou konsentrasie. Lees en spelling gaan hand-aan-hand. Die een ontwikkel die ander. Deesdae is swak spelling die gevolg van SMS-taal en die feit dat ons nie genoeg lees nie. Ons kan ook nie regtig staatmaak op die speltoetsers op rekenaars nie. Lees gaan jou dus beslis help om jou spelling te verbeter.

Ons almal wil graag 'n wye algemene kennis hê. Lees stimuleer dit, want hoe groter die verskeidenheid tekste wat 'n mens lees, hoe meer verbreed jou algemene kennis. Wanneer jy lees, neem jy alles in soos mense en gebeure. Jy gebruik jou geheuespier hiervoor. Hoe meer jy hierdie spier gebruik, hoe beter is jou geheue. Lees help jou dus hiermee.

Ons word elke dag aan baie elektroniese toestelle se klank en beweging blootgestel. Deur te lees, kry die brein die stilte wat ons nodig het in vandag se gejaagde lewe.

[Verwerk uit www.thereadingclinic.co.za en www.naturalbeachliving.com]

**TOTAAL AFDELING B: 10**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie (TEKS D) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS D**

**NETFLIX**

Kry een maand **GRATIS** as jy vir 12 maande aansluit!

**Netflix het 'n (3.2) (buitengewoon) aanbod!**

Koop een pakket.
(3.3) (Jy kan dit op 10 verskillende toestelle gebruik.)

**Met dié aanbod kry jy:**

- **Toegang tot meer as vyfduisend sepies en films**
- **Eksklusiewe toegang tot nuwe films en reekse voor dit amptelik vrygestel word**
- **'n Onbeperkte aantal programme en films wat afgelaai kan word**

Slegs R550. Jy spaar amper 40% van die gewone premie!

Aanbod geldig vir nuwe intekenaars

Aanbod sluit binnekort

Meer inligting beskikbaar

[Verwerk uit google images]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.1 Hoe trek die adverteerder die leser se aandag? Noem TWEE tegnieke. (2)

3.2 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.

Netflix het 'n (buitengewoon) aanbod! (1)

3.3 Verander die volgende sin na 'n BEVELSIN.

Jy kan dit op 10 verskillende toestelle gebruik. (1)

3.4 Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies.

Die gebruik van die woorde "eksklusiewe" en "onbeperkte" is voorbeelde van (emotiewe taal/veralgemening). (1)

3.5 Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommers (3.5.1 tot 3.5.3) en die antwoord neer.

Die gebruik van die **N** in plaas van gewone kolpunte in hierdie advertensie is (3.5.1) (effektief/onsuksesvol), want dit laat die leser verder lees. Die baie (3.5.2) (voordele/nadele) wat in hierdie advertensie uitgelig word, sal die leser (3.5.3) (laat twyfel/oorreed) om die produk te koop. (3)

3.6 Watter VOORNAAMWOORD gebruik die adverteerder om die leser persoonlik by die advertensie te betrek? (1)

3.7 Watter belangrike inligting is uit die advertensie weggelaat? Noem EEN. (1)
**[10]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**

| RAAMPIE 1 | RAAMPIE 2 | RAAMPIE 3 |
|---|---|---|




[Verwerk uit pinterest.com]

4.1 Vorm die BETREKLIKE VOORNAAMWOORD van die woorde tussen hakies in RAAMPIE 1. Skryf slegs die woord neer.

(Wat + na) kyk jy, Garfield? (1)

4.2 Hoe weet ons dat Garfield se woorde in RAAMPIE 2 net gedagtes is? (1)

4.3 Kyk na Garfield se gedagtes in die hele strokiesprent.

4.3.1 Wat lei jy af van Garfield se gedagtes in RAAMPIE 1 en RAAMPIE 2? (1)

4.3.2 Hoe verskil dit van Garfield se gedagtes in RAAMPIE 3? (1)

4.4 Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies.

In RAAMPIE 3 is John se hand anders. Hieruit lei ons af dat John (ongeduldig raak met Garfield/wil hê Garfield moet van sy TV-stoel afklim). (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.5 Kyk na RAAMPIE 3.

4.5.1 Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies.

Garfield se liggaamstaal wys dat hy (voel dat hy maar geduldig moet wees/geïrriteerd raak) met John. (1)

4.5.2 Gee TWEE visuele redes om jou antwoord op VRAAG 4.5.1 te motiveer. (2)

4.6 Skryf die sin hieronder in RAAMPIE 3 in die INDIREKTE REDE. Gebruik **dat** in jou antwoord.

"Ek kyk TV."

**Begin só:** Garfield sê **dat** ... (1)

4.7 Kies die KORREKTE ANTWOORD om die sin mee te voltooi. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.7) neer.

Die doel van hierdie strokiesprent is om vir die leser ...

A meer van katte te vertel.
B te wys dat katte graag TV kyk.
C meer van John se stokperdjies te vertel.
D die humor in situasies tussen troeteldier en mens te wys. (1)

**[10]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F: ARTIKEL**

**GENIET ONS MOOI LAND**

Baie mense droom daarvan om te (5.1.1) (reis). Hulle wil die (5.1.2) (wereld) sien en nuwe mense, kosse en kulture leer ken.

Tog is daar in ons eie land net soveel mooi dinge om te sien en (5.1.3) (opwindende/opgewonde) dinge om te doen. Om die waarheid te sê, Suid-Afrika het van die beste (5.1.4) (toeristeplek) wat daar is.

Elk van die nege (5.1.5) (provinsies) het sy eie bekoring. Die Wes-Kaap het Tafelberg én hulle spog (5.1.6) (...) die baie gewilde Tuinroete. Hierdie roete sluit verskeie pragtige klein (5.1.7) (dorpe) in.

Die Addo Nasionale Olifantpark is sinoniem met die Oos-Kaap. (5.1.8) (Daar is baie olifante. Daar is ook baie miskruiers wat die mis verwerk). (5.1.9) (Die Park vra besoekers om hulle nie raak te ry nie.)

Mense wat 'n ongelooflike (5.1.10) (son+ondergang) wil sien, besoek graag die Golden Gate Hoogland Nasionale Park in die Vrystaat. Die park is ook bekend vir mooi sandsteenformasies.

Namakwaland se blommeprag is wyd en syd bekend. Dit lok jaarliks duisende besoekers in veral (5.1.11) (Augustus).

Covid het ernstige skade aan ons land se (5.1.12) (toer) gedoen. Nou moet almal saamwerk om dit te laat (5.1.13) (herleef). Verken jou eie land! Geniet jou eie land!

[Eie teks]

5.1.1 Gebruik die HOMOFOON van die woord tussen hakies in 'n sin sodat die betekenis duidelik blyk.

Baie mense droom daarvan om te (reis). (1)

5.1.2 Gee die korrekte SPELLING van die woord tussen hakies.

Hulle wil die (wereld) sien en nuwe mense, kosse en kulture leer ken. (1)

5.1.3 Kies die KORREKTE WOORD uit dié tussen hakies.

Tog is daar in ons eie land net soveel mooi plekke om te sien en (opwindende/opgewonde) dinge om te doen. (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

5.1.4 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Om die waarheid te sê, Suid-Afrika het van die beste (toeristeplek) wat daar is. (1)

5.1.5 Verdeel die woord tussen hakies korrek in LETTERGREPE.

Elk van die nege (provinsies) het sy eie bekoring. (1)

5.1.6 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.

Die Wes-Kaap het Tafelberg én hulle spog (...) die baie gewilde Tuinroete. (1)

5.1.7 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Hierdie roete sluit verskeie pragtige klein (dorpe) in. (1)

5.1.8 Gebruik die VOEGWOORD tussen hakies en plaas die KOMMA op die korrekte plek.

Daar is baie olifante. Daar is ook baie miskruiers wat die mis verwerk. (Aangesien)

**Begin** só: Aangesien ... (2)

5.1.9 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

Die Park vra besoekers om hulle nie raak te ry nie. (1)

5.1.10 Gee die SAMESTELLING van die woord tussen hakies.

Mense wat 'n ongelooflike (son+ondergang) wil sien, besoek graag die Golden Gate Hoogland Nasionale Park in die Vrystaat. (1)

5.1.11 Gee die AFKORTING vir die woord tussen hakies.

Dit lok jaarliks duisende besoekers in veral (Augustus). (1)

5.1.12 Vorm 'n SELFSTANDIGE NAAMWOORD van die werkwoord tussen hakies.

Covid het ernstige skade aan ons land se (toer) gedoen. (1)

5.1.13 Wat beteken die VOORVOEGSEL **her-** in die woord tussen hakies?

Nou moet almal saamwerk om dit te laat (**her**leef). (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**



[Bron: images.google.com]

5.2.1 Gee die VERSAMELNAAM vir die woorde tussen hakies.

Die gesin eet (ertjies, wortels en aartappels) vir aandete. (1)

5.2.2 Gee die korrekte AFRIKAANS vir die woord tussen hakies.

Na ete kom die ander (*family*) by hulle kuier. (1)

5.2.3 Skryf die sin hieronder oor in die TOEKOMENDE TYD.

Die seuntjie gee sy kos vir die hond. (1)

5.2.4 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Die hond gaan (vet) word van al die kos wat die kind vir hom voer. (1)

5.2.5 Vorm 'n DEELWOORD van die woord tussen hakies.

Ma het lekker sous saam met die (gekook) hoender gemaak. (1)

5.2.6 Skryf die hele sin oor in die INFINITIEF.

Ma is besig (eet haar kos). (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com